

Die Eerste Orrel in die Paarlse Kerk

1786 – 1793

deur Ds. J. A. S. Oberholster

DAT die koms van baie goeie dinge gepaard gaan met stryd was ook die ondervinding van die Paarlse gemeente in verband met die eerste orrel in die kerk. Dit was 'n stryd van ongeveer sewe jaar.

In die notule van 22 Oktober 1786 word vir die eerste keer melding gemaak van die wens van die gemeente: „De grootsten hoop dezer Gemeente zeer gezet zijnde op den aanleg van een orgel in de Kerk.” So ernstig was die gemeente met die saak dat die diakens alreeds 'n huiskollekte gehou het en in genoemde kerkraadsvergadering die lyste kon voorlê waaruit geblyk het dat „de somma van de vrijwillige givten van zodanig gewicht zijn dat de kosten van een, voor deze gemeente bekwaam orgel met zijn nodig toebehoore daaruit zullen kunnen gefourneerd worden.” Die kerkraad het dit goed gevind om aan die wens van die gemeente te voldoen en so was dit aan die predikant, ds. Aling en ouderling Abr. de Villiers F. Sn. opgedra „om daaromtrent 't nodige werkstellig te maken” en dan later verslag te doen.

Toe dit geblyk het dat die ingesamelde bedrag toereikend sou wees vir die bou van 'n orrel, het die aangestelde kommissie in verbinding getree met die orrelmaker, Joh. Ludew. Hodderon, wat in die Kaap gewoon het. Met hom is in alle besonderhede ooreengekom, maar ongelukkig „kortens tijd na de aanbesteding van het orgel genoemde orgelbouwer tot groten spijt van gequalificeerde (d.i. die Kommissie) tot eene slecht gedrag vervallen zijnde zig daagelijksch aan dronkenschap overgeevende trenneerde hij met den arbeid zoodat hij naauwlijksch met het werk hadde een begin gemaakt ten tijd wanneer hetzelve volgens accoord moeste voldongen en ten gebruik van den godsdienst in orde opgesteld zijn.”

Dit was die posisie ten spyte van die feit dat die kommissie hom herhaaldelik en „dikwerf met ernstige bedreigingen tot zijne verplichting hebben aangespoort.” In weerwil van sy beloftes het hy nie die minste vordering gemaak met die werk nie en het die kommissie inteendeel bevind dat sy slechte lewenswyse van tyd tot tyd „accresieerde”, sodat die kommissie oortuig gevoel het dat die orrel nooit voltooi sou word solank Hodderon in die Kaap bly nie, en „zoo hebben gequalificeerden als een extremum het noodsaaklijk gevonden om hem te permaderen” om na die Paarl te kom sodat hy die bou van die orrel onder hul toesig kon begin en voltooi. Hulle sou dan vir hom die nodige boustowwe inkoop en die kerkpakhuis tot 'n werkplek inruim.

Hierdie reëling het tot gevolg gehad dat die orrel „met den afloop van het jongst geëxpireerde jaar” voltooi is en die tweede Sondag van Januarie, 1791, „door ds. Aling met een leerrede over Ps. 68:5a, „Zingt Gode, psalmzingt Zijn naam”, aan Gode en Zijnen heiligen dienst is toegewijd geworden.”

Dit is interessant om te weet dat die orrel met „beeldwerk” deur die beroemde Anreith voorsien was, waarvoor die kerkraad hom 400 Rixds betaal het.

By 'n later geleentheid het die kerkraad ook besluit om die kerkorrel deur burger Frans de Necker te laat skilder en verguld, en dan word dit meegeedel dat die kerkraad „tevens twee gordijnen voor 't orgel hebben laten maken om het bevuylen van het vergulde beeldwerk door de vliegen dus daardoor veel voor te komen.”

Helmond Luttig, die seun van die koster wat voorheen deur die kerkraad „geanimeerd geworden” is om „het

orgelslaan te leeren” en dit gedoen net, word as „organist” aangestel teen 100 Rixds. per jaar en 'n vry woning wanneer hy trou. Hierdie aanstelling geskied onder die uitdruklike voorwaarde „dat hij, Helmond Luttig, den dienst als organist getrouw moet waarnemen en zig nog verder in het orgelslaan moet oefenen.” Hy moes ook ses maande voor die tyd kennis gee as hy die pos nie meer wil hou nie. Die koster het 'n slaaf gehuur teen 12 Rixds. per jaar om die blaasbalk van die orrel te trap.

In Maart van die jaar 1791 het die kerkraad die „organist” Heyns van die Kaap laat kom om die voltooide orrel „te visiteren en te examineren”, en die resultaat was „dat deze kundige Musicus het alles conform contract” bevind het. Vir die inspeksiewerk moes die kerkraad 15 Rixds. aan Heyns betaal.

Nou kon die kerkraad egter die rekening met die orrelmaker, Hodderon, afsluit. Dit word ook besluit daar Hodderon 'n vrywillige donasie gevra het om aan hom 120 Rixds. te gee, aangesien die „min gunstige” omstandighede waarin hy verkeer. Die donasie word egter onder voorwaarde gegee dat hy vir die orrel nog „een nieuwe Register, te weten een Mixtuur” sal maak waartoe die kerkraad die huidige lood sal gee. Verder sluit die voorwaarde ook in dat hy na enige maande die orrel sal skoonmaak en vir 'n jaar lank die geringe gebreke wat in die orrel mag voorkom, sal verbeter. Aan die voorwaarde moes Hodderon hom skriftelik verbind en dan sal die kerkraad na vier weke 20 Rixds. aan hom gee en oor 'n jaar die orige 100 Rixds.

Waar die Kerk in die tyd nog aan die regering van die land verantwoording verskuldig was, moes die kerkraad kennis gee van die bou van die orrel en die aanstelling van die orrelis en die goedkeuring vir alles verkry. Dit was juis in verband hiermee dat die kerkraad soveel moeilikheid gehad het. In Mei 1791 is aan die „Ed. Achtb. Politiquen Raad aan Cabo” kennis gegee en is die Raad ook versoek om alles goed te keur. In Junie van dieselfde jaar het daar antwoord gekom waaruit geblyk het dat die Raad glad nie gediend was met die hele saak nie.

Hulle het geantwoord: (1) Dat hulle „ten uitersten verwondert en geindigneerd zijn over de ongepermitteerde handelwijze,” want hulle het dit beskou dat die kerkraad hul verskuldigde plig aan die Raad nie in ag geneem het nie, maar hulle aangematig het om op eie houtjie koste te maak wat gespaar kon gewees het om in die onderhoud van die arme te voorsien. (2) Dat die Raad 'n plan wou hê waarvolgens die „questieuse orgel” gebou is asook 'n lys van die intekenare met vermelding van die som wat elkeen gegee het. (3) Dat die Raad van oordeel is dat die kerkraad nie geregtig was om enige uitbetaling vir die orrel of die orrelis te maak sonder die toestemming van die Raad nie.

Die kerkraad het toe op die drie punte as volg geantwoord: (1) Dat hulle „nimmer een voornemen gevoed hebben” om hul plig aan die Raad te veronagsaam, op eie houtjie te handel en die arme van die gemeente te benadeel nie, want dit was altyd hul „eerste en voornaemste zorg geweest om de noodlydenden in de gemeente” nie die minste gebrek aan voedsel en deksel te laat ly nie. Hulle voel verskerd „dat geen der armen in onze Diocese ons zal kunnen ter last leggen” dat hulle nie goed versorg word nie, want „ons geweeten gevoelen wij te teeder, onze natuurlijke betrekking op

(Vervolg op bladsy 55.)

Die Eerste Orrel in die Paarlse Kerk

(Vervolg van bladsy 53.)

onzen evenmensch te levendig en vooral onze ambtsverplichting te naauwgezet."

2. Dat die kerkraad aan die begin nie 'n plan van die orrel opgestuur het nie, omdat hulle dit bloot as 'n kontrak tussen hulle en die orrelmaker beskou het. Daar sal egter nou 'n plan opgestuur word. Wat die koste van die orrel betref, sertifiseer die kerkraad „dat dezelve eenig en alleen gefourneerd zijn uit de zoodanige penningen die de intekenaren tot dat einde vrij en vrijwillig hebben opgebracht." Verder word ook gesê dat die kerkraad die bou onderneem het enkel op aandrang van die gemeentelede „die tot meerdere stigting een orgel in hunne kerk wenschten te mogen hebben."

3. Dat hulle hul bewus is dat hulle geen geld uit die kerkkas kan betaal sonder die toestemming van die Raad nie, maar dat in die geval van die orrel die boukoste nie uit die kerkkas kom nie, maar „uit de som die de gemeente ons daartoe expres in handen gesteld heeft," en wat toereikend was vir die voltooi van die bou van die orrel.

Waar alles egter nou klaar is en die orrel „ten gebruike van den staatenlijken godsdienst opgericht zijnde," het die kerkraad dit nou hul plig geag om die Raad daarvan kennis te gee met die nederige aansoek dat dit die Agbare Politieke Raad „geliefde te behaagen" om die provisionele aanstelling van die orrelis teen 100 Rixds. per jaar „ten laste der kerk casse gunstig te approberen", daar die kerkraad dit nie sonder toestemming kan doen nie. Die kerkraad erken ook dat daar miskien nie op die beste wyse te werk gegaan is nie, en wil dus „zeer gaarne en volmondig belijden" dat waar hulle die saak van agter besien, dit hul plig was om „de qualificatie tot den aanleg van een kerk orgel van U WED. te moeten imploreren," maar hulle het onwetend gehandel veral waar die orrel nie uit die geld in die kerkkas gebou is nie. Die kerkraad vra „derhalven U WED. Achtb. zeer neederig om dit ons plichtverzuim uit hoofde van onze ignorance gunstig te willen verschonon," en hulle vra weer dat die aanstelling van die orrelis goedgekeur moet word.

Die goedkeuring het lank uitgebly en die kerkraad moes herhaalde kere daarom vra. Eindelik op 18 Des. 1791, word die kerkraad verwittig dat die aanstelling van die „organist" goedgekeur is onder die volgende voorwaardes: (1) Die salaris van die orrelis sal uit 'n aparte fonds moet gevind word „afgeschijden van de Armen Cassa en geheel buiten haare praesjudicie, alzoohet ten hoogsten aanstotelijk zoude zijn spendatien eniglijk aangewend tot het maken van uiterlijk vertoon te doen strekken tot beswaar welkers oogmerk zoo heilig is." (2) Die armes van Waveren moet ook gealimenteer word. Ter verduideliking moet dit miskien hier gesê word dat hoewel Waveren in 1743 'n selfstandige gemeente geword het, moes die kerkraad van Paarl nog altyd vir die armes sorg. Herhaalde male is gevra om vrygestel te word, maar die Raad wou nie toestem nie. Die kerkraad van Paarl het gemeen dat as hulle van daardie las vrygestel word dan kan hulle des te beter die orrelis uit die armkas betaal, maar dit wou die Politieke Raad nie toestem nie.

Die voorwaardes is „bedaardelyk" deur die kerkraad oorweeg, maar hulle het tot die besluit gekom dat hulle onmoontlik daaraan kan voldoen. Twee ouderlinge t.w. Josua Joubert en Schalk Willem van der Merwe word toe as 'n deputasie gestuur om die saak voor die Politieke Raad te lê, naamlik dat die kerkraad nie weet hoe om 'n aparte fonds te verkry nie, daar dit 'n 5000 gulde sal bedra. Verder moet daar ook op gewys word dat die kerkraad heelwat ekstra koste het met die bou van 'n predikantshuis. As die Raad nie wil afsien van die voorwaardes nie, dan moet die afgevaardigdes sê dat die kerkraad liever die orrel sal sluit daar hulle aan die voorwaardes nie kan voldoen nie, „en dat Kerkenrade ingevalle zij genecessiteerd worde om het orgel te sluiten niet kunnen responderen voor het misnoegen dat daaruit mischien bij de gemeente zoude kunnen oprijzen."

In die kerkraadsvergadering van 12 Januarie, 1792 kon die deputasie rap-

porteur dat hulle die nota aan die Heer Gesaghebber ter hand gestel het en dat hy geantwoord het dat hy dit nie kon deurlees nie, maar dit in die Politieke Raadsvergadering sou vertoon. Intussen moes die kerkraad nog weer werk in verband met die orrel laat doen. Hulle het die noodsaaklikheid ingesien om die orrel bo te dek „ten ynde de pijpen voor stof te conserveren." Hodderison moes dit doen vir 15 Rixds.

Sewe maande het verloop en in Augustus, 1792 het die praeses aan die kerkraad meegedeel dat nog geen antwoord van die Politieke Raad „nopens de orgelzaak is ingelopen." Dit word toe besluit om die diakens, Paulus Retief en Daniel le Roux te „committeren" om die Ed. Heer Gesaghebber indien moontlik persoonlik te spreek om 'n antwoord te kry „op het pro memoria" wat die ouderlinge in die maand Desember van die vorige jaar in sy hande gestel het. In die kerkraadsvergadering van 20 September 1792, rapporteer Paulus Retief dat hy volgens opdrag die Ed. Heer Gesaghebber oor die orrelsaak gespreek het, maar slegs as antwoord gekry het dat die kerkraad die tyd moes af wag daar die saak nog nie in die Politieke Raadsvergadering bespreek is nie en dat dit nog die vraag is of hulle wel 'n orrel mag hê.

Die kerkraad het nog steeds gewag op 'n antwoord, maar toe op 3 Desember 1792 nog niks ontvang is nie, het die kerkraad andermaal alles volledig aan die Politieke Raad geskrywe en gesê hulle voel dat die saak nie meer uitstel kan duld nie, daar dit nie so kan voortduur nie, en hulle smeek dus om 'n spoedige en gunstige antwoord. Ook het die kerkraad bygevoeg dat as die Politieke Raad „het zullen goedvinden te persisteren bij de bedongene condities," die Kerkraad in die „onverhoopt geval" hoe ongaarne en met 'n weersin ook al, sal moet besluit om van die gebruik van die orrel af te sien en dit te sluit, want hulle sal nie uit 'n aparte fonds die orrelis kan betaal nie. In dieselfde vergadering is dit toe ook besluit om die orrel aan die einde van die jaar te sluit as daar 'n ongunstige antwoord ontvang word.

Toe die kerkraad 12 Januarie 1793 byeen gekom het, was daar nog geen antwoord op die kerkraad se vorige brief nie. „Zoo heeft men de zaak nogmaals vooraf rijpelijk en bedaard overwogen hebbende, moeten resolveren om van nu af aan van 't gebruik des orgels af te zien." Die orrel moes dus gesluit word en provisionele orrelis Helmond Luttig afgedank word „tot tijd en wijle de questiewe zaak — hetgeen de rechtvaardige Hemel geve — ten genoegte van kerkenrade is gedecideerd geworden." Die aftredende kerkraadslede het in die vergadering hulself plegtiglik verbind om altoos as dit nodig mag blyk behulpsaam te wees in die „tedieuse affaire" tot heil van die kerk.

Die lidmate van die gemeente was glad nie tevrede toe dit gevind is dat die orrel nie meer gebruik word nie. 'n Aantal naamlik: Jan Rud. Louw; Jan Minnaar, F. sn.; Isaak Minnaar, F. sn.; Phil. Hartoch; Pieter Marais, Jac. sn.; Jan Marais, P. sn.; Jac. Marais, P. sn.; David de Villiers, Abr. sn.; Abr. Barend de Villiers; Jacob v. d. Merwe, het by die kerkraadsvergadering van 28 Februarie 1793 verskyn om navraag te doen na die oorsaak waarom die orrel sedert die derde Sondag van Januarie nie meer gebruik word nie. Die kerkraad het die hele saak aan hulle voorgestel sodat hulle kon sien wat die kerkraad „gemooveerd" het om die orrel te sluit, daar hulle nie aan die voorwaardes van die Politieke Raad kan voldoen nie en dat dit juis daardie kondisies was wat „gecauseerd hebbe dat men heeft moeten abstineeren van het gebruik des orgels." By die kerkraad het die hoop nog gelewe dat die saak gunstig sal afloop en die aantal lidmate was tevrede met wat die kerkraad gedaan het in verband met die orrelsaak.

In die kerkraadsvergadering van 24 Maart 1793 het dit geblyk dat die Politieke Raad nog bly by die kondisies wat hulle gestel het. Andermaal besluit die kerkraad om te appèleer teen die voorwaardes. In dieselfde kerkraadsvergadering het die vorige genoemde aantal lidmate weer verskyn en toe die houding van die Politieke Raad aan hulle bekend gemaak is, het hulle aan die kerkraad gesê dat hulle nie tot die jaarlikse onderhoud van die orrel of

(Vervolg op bladsy 57.)

Die Eerste Orrel in die Paarlse Kerk

(Vervolg van bladsy 55.)

„Zondaagsche collecte zal contribuieren” solank die gemeente nie vrygestel word van die alimentasie van die armes van Waveren nie. Sake het dus ’n ernstiger wending geneem, want die gemeentelede het nou opgetree. In die kerkraadsvergadering van 30 Junie 1793 is by die kerkraad ’n versoekskrif ingelewer geteken deur gemeentelede en wat na die Politieke Raad moes gestuur word om vir die opheffing van beide voorwaardes te vra.

Die Politieke Raad moes ingesien het dat wat die alimentasie van die armes van Waveren betref dit nou die gemeente erns is om daarvan onthef te word. Op 23 Julie 1793 het die kerkraad kennis gekry dat hulle nou verlos is van die armes van Waveren.

Die voorwaarde van die betaling van die orrelis het nog bly staan en dit skyn of die Politieke Raad op daardie punt onverbiddelik was, want hoewel die kerkraad nog weer Kaap-toe gestuur het daaromtrent, het daar niks van gekom nie.

Op 7 Augustus 1793 het die deputasie weer in die kerkraadsvergadering verskyn waar hulle ’n voorstel gemaak het om ’n aparte fonds daar te stel, naamlik: „dat zij gesamentlijk zig engageren om jaarlijx door de gehele gemeijnte de liefdegaven te verzamelen,” en dit aan die kerkraad aan die einde van elke jaar oor te gee om die orrelis te betaal en die orige aan te wend vir reparasies, „terwijl zij ook het overschot der jaarlijksche collecte op de meest voordeligste wijze zullen conserveren omme daarvan succesive te formeren een capitaal van twee duizend Ryxsd. hetwelk zij machtig geworden zijnde aan kerkenrade het zij in goede contanten of in eene duchtige schepen kennis bestaende, zullen in handen stellen, omme van de in-tresten voor altoos de jaarlijksche nodige orgel kosten te kunnen fourneren, moerende dit capitaal altoos afgeschijden van de Armen Casse en eeniglijk ten behoeve der orgel kosten, als het eigen Fonds daartoe gedestineerd blijven.” Die kerkraad was bly oor die voorstel en „schoon sentimenterende” dat die voorstel tog ’n skyn van wantroue het daar die deputasie self die geld wil administreer, sal hulle dit maar oor die hoof sien sodat die goeie saak nie ver-ydel word nie. Daar is dus „eenparig geresolveerd om ’t aanbod van com-parente lidmaten te accepteren.” Die deputasie moes skriftelik bewys gee van hul onderneming en sodra hulle ver- lof van die owerheid kry, kan hulle daarmee voortgaan.

Die kommissie het ook versoek dat uit die kontantgeld van die huiskollekte op die „orgel gaanderij” banke te laat maak. Hierdie versoek is toegestaan op sekere voorwaardes waarvan een lui: „Dat aan den tijdenlijke organist de beste zitplaats vrij en zonder betaling werde toegekend terwijl comparenten ook zorgen zullen dat er niet te veel

huur banken geconstrueerd worden ten einde door veel gedreun het orgel niet ontsteld werde.” Die orrelsaak het dus nou eindelijk tot ’n einde gekom en kon dit weer in gebruik geneem word. Die orrelis kon kennis kry dat hy weer sy werk kan aanvaar, maar dat hy onder die omstandighede nie ’n vry huis sal kan kry nie totdat die Politieke Raad toestem dat hy uit die kerkkas sal kan betaal word. Die kerkraad kon nou reëlings tref in verband met die orrelspel in die kerk, daarom „proponeerde praeses den broederen dat het zijns bedunkens ter stichting zoude bevorderlijk zijn” indien die orrelis voor die voorleser begin op die orrel sal speel ’n vers van die psalm wat voor die predikasie sal gesing word. Ook na die seën uitgespreek is „’t selfde gezang in de plaats van eene ofte andere Aria etc, herhale ’t geene tot slot van den godsdienst is aangestemt om hierdoor den gemoedelijken zanger bij ’t uitgaan der kerk te doen herdenken aan ’t geene hij tot Godes lof en eer heeft aangeheven.” Met hierdie reëling was die kerkraad heeltemal eens.

Dit moes inderdaad ’n blye dag vir die kerkraad gewees het dat sake so geloop het en dat die orrel weer in gebruik kon geneem word, want die notule van die vergadering sluit op die volgende treffende wyse: „De God van onze Zion zij geloofd en gedankt. Den Naam Zijner heerlijkheid zij van ons steeds groot gemaakt dat Hij onze twist zaak heeft getwist, dat Hij zig aan ons bewezen heeft als een God der gerechtigheid, Die heil heeft aangebracht ten dage der benauwtheid. Hem zij daarvoor toegebracht de Eer en de Prijs ende dankzegging tot in eeuwig-heden, Amen.”

Dawid — Die Veelsydige

(Vervolg van bladsy 25.)

sy laaghartige moord op Uria, een van die getrouste van sy onderdane, is die groot tragedie van sy lewe, die vlek wat nooit uitgewis kan word nie. En tog, hoe heerlik herstel hy hom weer in ons agting! Hoe heerlik kom die grootheid van sy siel ook weer uit hierdie donker tafereel te voorskyn, wanneer hy deur die profeet Natan aan homself ontdek word en nie probeer soos Saul om homself te verontskuldig nie, maar sy naakte skuld openhartig en berouvol voor God bely en hom onvoorwaardelik op Gods genade werp met die bede: „Wees my genadig, o God, na U goedertierenheid; delg my oortredinge uit na die grootheid van U barmhartighede!”

Hier aan die voetbank van Gods genadetroon wil ons afskeid neem van hierdie man wat in die geskiedenis van die Ou Testamentiese openbaring geen gelyke gehad het nie en met reg as die prototipe kan beskou word van die Christus wat na Homself verwys het as „Die Wortel van die geslag van Dawid.”